Die skaduwee beweeg geruisloos weg van die donker kol wat oor die betonvloer sprei. Oë beweeg stil-stil oor die verlate vertrek, maar mis die musiekboksie wat in die skemerlig uit haar sak geval het.

***

Die dansers is besig om op te warm toe Jana dit hoor — ’n sagte, helder deuntjie wat deur die gange eggo. Dit is nie deel van hul oefenmusiek nie, tog klink dit bekend.

Sy hou op strek en staan op. Die melodie begin weer speel. Stadig. Herhalend.

“Wie speel dit?” vra sy.

Niemand reageer nie. Die ander fokus op hul roetines, die bewegings skerp onder die gloeiende lampe. Soos Jana by die gang afloop, word die stemme van die dansers al hoe sagter. Net die deuntjie hou aan speel, amper asof dit haar tart.

Vreemd genoeg kom die geluid uit die verlate stoorkamer. Die deur is effens oop, en ‘n dun strepie lig val oor haar voete.

Skielik hou die musiek op.

Met ‘n kraak swaai die deur oop. Die kamer is stil. Reg voor haar, op die sementvloer, lê ’n klein musiekboks. Hoe het dit hier beland? Die ballerina binne-in draai nog stadig, dan kom sy tot stilstand.

Jana buk om die boksie op te tel, maar ‘n skraal hand vang haar oog. Lize, die hoofdanser. Die ster van die vertoning lê op haar rug, haar vel bleek teen die pikswart vloer. Jana vat – vat aan die donker vlek om haar kop en trek haar vingers vinnig weg.

Bloed.

Sy spring op, vee haar vingers aan haar oefenbaadjie af en loer vlugtig om haar rond. Sy maak haar keel skoon en gee ‘n harde gil, gevolg deur die geluid van sole wat nader beweeg.

Dadelik word Lize omsingel en ‘n noodnommer gebel. Hordes stemme praat gelyk. Al wat Jana moet doen is eenkant staan met krokodil trane wat by haar wange afloop, die klein glimlaggie wat oor haar lippe flits ongemerk.

Niemand sal ooit vermoed dat sy die skuldige is nie.